



NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria
Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk



Sleutels vir Lewe

SLEUTEL 3 - 'n Rein lewe

Matteus 5:29 As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word

Die wêreld sê:

Jy mag alles doen!

Jesus sê:

Breek weg van alle sonde!

Besprekingspunte

Die wêreld sê jy kan enigiets doen wat jou laat goed voel.
"Maar almal doen dit dan....!"

Wat is sonde?
Enigiets of enigiemand wat jou weghou van God af.

Jesus sê dat ons rein moet leef. Rein beteken skoon.
Jesus is ons Pappa en wil net goeie dinge vir ons hê.
Hy wil hê dat ons moet wegbly van verkeerde maats,
verkeerde plekke, verkeerde goed doen, na verkeerde
musiek luister, verkeerde goed kyk op die TV, verkeerde
spelletjies speel, enigiets wat jou 'n slegte naam sal gee.
Ons moet mekaar help om 'n skoon lewe te leef.

Storie: 'n Hoed vir Ivan deur Max Lucado

lets om huis toe te neem

Elke kind trek sy eie hande af en knip dit uit.
Gebruik reënboogkleure. Vorm 'n reënboog deur al die hande in die reënboogvorm te plak.
Skryf onderaan: **Ons help mekaar**

Elke week

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluis, hekke, motors, skatkis, ens.
Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.
Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die
gevolge van jou keuse.

Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.

Wie is die wêreld?

Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat
nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?

Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

Alles vir God se goedkeuring en glimlag!